

Die Mantel van Elia

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B437b

Skriflesing uit 2 Kon.2: 1 – 25

Kernvers: 9 – ‘En nadat hulle deur was, sê Elia vir Elísa: Begeer wat ek vir jou moet doen, voordat ek van jou af weggeneem word. En Elísa antwoord: Laat dan tog ‘n dubbele deel van u gees op my kom.’

Geliefdes, die apostel Paulus het vir die Korintiërs gesê: My rede en my prediking was nie in oordedende woorde van wysheid nie maar in die betoning van gees en krag (1 Kor.2: 4); asook in Rom.15:18, 19 erken hy dat sy bediening nie in eie krag gedoen is nie.

Hierdie heidene na wie Paulus verwys, was die verlore tien stamme van Israel. As u na ‘n kaart agter in u bybel sou kyk sal u sien waarheen hy sy sendingreise onderneem het. Hy het vir daardie mense gaan preek wat op daardie stadium daar gebly het.

Jesus het vir Sy dissipels gesê dat hulle nie sou klaarkry met die stede van Israel voordat die Seun van die mens sou kom op die wolke nie.

Ons volk het ook nou nog nie almal gehoor van die God van Elia soos hulle dit behoort te hoor, en dat die mantel van Elia op Elísa geval het nie.

So is die mantel van Jesus en die Heilige Gees in hierdie dae gereed om te val op elkeen wat Sy Woord in waarheid en werklikheid glo. Jesus het in Joh. 14:12 gesê: ‘Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy doen; en groter werke as dit, omdat Ek na my Vader gaan.’

Geliefdes, ons het ‘n groot taak om te doen, maar in eie krag sal ons dit nie kan doen nie, daarom moet ons ‘n groot les leer uit hierdie houding van Elísa teenoor Elia. Ons moet mooi kyk wat hy gedoen het en hoedat hy gedurig sy oog op Elia gehou het en met niks minder tevrede sou wees as dat Elia se mantel op hom sou val wanneer hy weggeneem word in die hemel.

So moet ons daardie begeerte en volharding hê om in hierdie eindtyd deur God gebruik te kan word, om die boodskap uit te dra na Israel.